

17 Mei

Skrifgedeelte: Eksodus 5:22-7:25 (OAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 6:1-7

Die Here doen dit!

Die verlossing uit Egipte het nie plaasgevind soos wat Israel gedink het nie. Dinge gebeur dikwels heeltemal anders as wat ons verwag. Dan word ons maklik terneergedruk veral as ons te midde van ons geloof in die God van liefde, nog smart en lyding ervaar.

God ken die swakheid en wankelmoedigheid van sy volk en daarom volstaan Hy nie net met beloftes nie. Dit is duidelik dat menslike vermoëns geen hulp kan bied nie. Hyself sal nou doen wat nodig is. Dit gebeur egter nie met kitsoplossings of volgens menslike berekeninge nie.

God begin by Homself en eindig by Homself. Vers 1 begin met die woorde: "Ek is die Here" en vers 7 sluit daarmee af. Omdat Hy baie meer as Egipte of Israel of as die hele aarde is kan Hy waarborge gee en self so aan sy volk gerusstelling bied.

Sy Naam is verbind met dit wat Hy beloof. Waar God voorheen Hom aan Abraham en sy nageslag gebind het, bind Hy Hom hier aan die volk Israel. Daarmee saam word die volk ook aan die Here gebind. Hulle verlossing om die Here te dien, gaan nou 'n heerlike verbondsdien wees, 'n diens wat spreek van liefde en trou.

Vir gelowiges in Jesus Christus moet dit loutere vreugde wees om te weet: die Here doen self wat nodig is. Hy vervul sy beloftes. Ons kan dit beleef en sal dit ook ten volle beleef. Almal sal beseft dat Hy die Here God is. Hy het ons verlos en dit is 'n voorreg om Hom te dien.

Sing: Psalm 33:6

Ds SA Cilliers (Waterberg)